# TEMMERS VAN DIE WOESTYN



No. 17.
Gestaltes in
die Skemer.

**braam le roux**


TEMMERS VAN DIE WOESTYN
No. 17.
Gestaltes in die Skemer.
braam le roux

INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Somber is die Skemering | 3 |
| 2. | Broeiende Agterdog | 14 |
| 3. | Drie teen Een | 26 |
| 4. | 'n Soen by die Venster | 37 |
| 5. | Die Swart Hings | 47 |
| 6. | Die Toue trek Stywer | 59 |
| 7. | Skeur in die Aarde | 71 |
| 8. | Gestaltes in die Skemer | 84 |


Hoofstuk 1

# SOMBER IS DIE SKEMERING

Hoeveel jare is hy nou al op die trekpad? Hoe lank is dit dat hy swerwe, van dorp tot dorp en van plaas tot plaas? Sedert die dood van sy ouers was daar nog steeds net die een drang wat hom voortgedryf het—die begeerte om die onbekende te betree. Dit is nou al tien jaar dat hy so rondtrek. Hy bly nooit langer as 'n maand op 'n plek nie. Sodra die vertes hom lok, pak hy sy kossakke vol en val in die wapad op die rug van sy appelblou-skimmel, Vuurslag.

Maar nou het hy die einde van sy reis bereik. Twee maande gelede het sy oom op Upington hom eindelik oorgehaal om hom te vestig. Hier êrens tussen hierdie vouberge lê sy plaas waarop hy nou met perde en beeste gaan boer. Hy self voel dat hy nou darem al genoeg geswerf het. Hy het die Kolonie platgery, die Noordweste ken hy soos die palm van sy hand. Hy het die twee Republieke besoek, en hom amper daar tussen die boere gevestig, maar die stem van die woestyn was te sterk. Tydens sy omswerwinge het hy maar altyd weer terug verlang na die Noordweste.

Hermann Mouton hou sy perd in. Die stof lê dik op die arme dier, en die sweet slaan onder die saalkleedjie uit. Die perd snork en Hermann weet dat hy doodmoeg is. Bowendien het Vuurslag die afgelope paar minute ook effens kruppel begin loop. Hermann klim dus vinnig af, gaan staan langs die appelbloue en klop hom teen sy beswete nek. Dit was vandag verskriklik warm en hulle kom ver.

Twee nagte het hulle al in die veld geslaap, onder die blou hemel met sy vonkelende sterretjies in 'n uitspansel wat so ver van Hermann af is, net so ver soos sy drome van die afgelope tien jaar. Hermann weet egter dat die plaas wat oom Giep Wessels vir hom met sy erfporsie gekoop het, nie meer ver kan wees nie. Hier in die voue van die Langeberge lê daar baie plase, en een van daardie plase is nou syne.

Hermann Mouton kyk om na die vuurrooi son wat agter

die sanderige horison wegsak. Die wêreld lyk nou vaal en somber.

Dit is in hierdie tyd van die dag dat daar 'n vae gevoel van onrus aan elke mens knaag, maar 'n swerwer soos Mouton ervaar dan altyd 'n gevoel van vae verlange—verlange wat hy nie kan ontleed nie.

Hy staar 'n oomblik na die son, dan kyk hy weer na die berge. Net die hoogste spitse word nog deur oranje-agtige strale beskyn. Opeens word Mouton bewus van die krakerige stem van 'n korhaan en die geskinder van 'n klompie tarentale wat hul slaapplekke begin opsoek. Verweg, tussen die ghwarriebosse op die onmeetlike woestynvlakte agter hom, kerm 'n strandjut wat reeds vroeg al naarstiglik begin soek na stukkies aas wat die skerp oë van die aasvoëls ontgaan het.

Hermann se keel voel droog en sy maag skree van die honger. Hy is moeg en sal vanaand gouer tot rus moet kom, maar eers sal hy na water moet soek. Vuurslag het water en weiding nodig. En môre lê daar nog 'n lang skof voor. Môre moet hy tussen die klowe deur na Olifantshoek. Op Olifantshoek sal 'n vriend van oom Giep hom ontmoet. Hy ken die Pierre Boye glad nie, maar hy moet hom in die hotel ontmoet. Pierre Boye sal die kaart en transport van sy plaas aan hom oorhandig. Van daardie oomblik af sal Hermann Mouton die eienaar wees van 'n plaas met volop water. Hermann wonder of daar nou nog iemand op daardie plaas bly en, indien wel, waarom hulle die plaas nou eintlik wil verkoop.

Hy haal sy hoed af en stoot sy weerbarstige rooi kuif met sy regterhand agteroor. 'n Paar weke gelede het hy hom borselkop laat skeer, maar sy hare het intussen al weer welig gegroei. Hermann vee oor sy gesig en dan soek sy ligbruin oë na lewe teen die hange van die berge. Hy sal gou-gou iets vir die pot moet skiet—'n steenbokkie of so. Bowe-al moet hy water kry; maar waar? Dit is mos maar altyd die moeilikheid in die Kalahari. Water is op sommige plekke volop, veral hier in die berge. Maar jy moet weet waar om dit te kry! Hoeveel trekkers het nie al hier van dors gesterf nie—met 'n



bergstroom skaars 'n honderd tree van hulle af?

Vuurslag proes en jaag die vlieë van sy pens af weg. Hermann tel die een voorpoot op en ondersoek die hoefyster. Net soos hy gedink het. Die perdeskoen is gedaan. Die arme Vuurslag kan nie langer so oor hierdie berge loop nie. Hermann gooi die teuels oor die kop van sy wakker appelbloue en stap teen 'n hoogtetjie op. Daar trek nie 'n luggie nie, maar tog is dit nou lekker koel. Vuurslag stap agter hom aan. Op die hoogtetjie, langs 'n plaat rooihaak, waaronder 'n kolhaas skielik soos 'n dolding opspring, gaan Hermann staan. Hy kyk nou op 'n vallei af. As hier 'n plaashuis êrens is wil hy soontoe.

'n Oomblik staan perd en ruiter beweginglooos op die hoogtetjie, duidelik afgeteken teen die grys lig agter hulle. Hermann is nie daarvan bewus dat iemand agter 'n groot rots hom van daar onder uit die leegte dophou nie.

Hermann het sy hoed in sy hand, en vir die paar oë daar van onder af lyk hy slank, lenig en atleties. Sy moue is hoog opgerol en vertoon 'n paar rooi sproete bokant die elmboog. Fyner sproete versier ook sy neus en op sy voorkop lyk hulle soos moddervlekke.

Hermann is lank en die meeste mense bejeën hom met ontsag vanweë sy gespierde liggaam en ontwikkelde borskas.

,,Vuurslag," praat hy skielik met sy perd, ,,dit lyk my daar is lewe daar onder, ou perd. Laat ons gaan kyk of daar water is!"

Hermann sak teen die hoogte af en die perd kom geduldig agter hom aan. Onder is 'n rotsagtige vallei. Tussen die haak-en-steek en ander doringbosse loop 'n klompie basterskape en bokke deurmekaar. Verder is daar geen teken van lewe nie. Toe Hermann halfpad teen die hoogte af is, sien hy iets tussen 'n klompie vaalkameeldoringbome beweeg. Hy steek vas. Nou hoor hy vir die eerste keer die gesteun van 'n windpomp. Hy sien die ysterding daar tussen die vaalbosse draai en word nou eers bewus daarvan dat daar 'n luggie begin trek het.

'n Windpomp! Waar daar 'n windpomp is, is daar water.

En dit is die ding waarna perd en ruiter nou meer verlang as na al die goud in die wêreld. Kilometers ver het Hermann gery sonder om so iets teen te kom, maar nou staan hy en sy perd slegs 'n paar honderd tree van water af. Die wiel wikkel op ongeoliede skarniere, daarom kraak en kreun die windpomp so, asof hy swoeg om 'n bietjie water uit die dorre aarde los te wring.

Dit lyk asof Vuurslag die reuk van die water kry. Hy lig sy groot kop op, spits sy ore en snuif die lug in. Dan runnik hy opgewonde. Hermann spring vinnig in die saal en Vuurslag vergeet nou totaal dat sy hoefysters gedaan is. Op 'n galop trek hy teen die steiltes af. Vuurslag blits deur die bossies en pyl reg op die vaalbosse af wat hulle beskermend om die ou windpomp skaar.

Hermann sien dat daar 'n paar skape onder die windpomp uit 'n sinkkrip suip. Oral tussen die bosse wei daar skape en bokke en die diere spat nou verskrik uitmekaar, hardloop 'n ent weg en kyk die vreemde ruiter en perd dan onbegrypend aan. Hermann sien nie die opgesaalde perd wat, met 'n splinternuwe saal op sy rug, agter 'n groot rots staan en rondkyk nie. Die perd hou vir Vuurslag nuuskierig dop, maar runnik glad nie.

Die skape en bokke by die krip laat vat toe Hermann sy perd vlak onderkant die windpomp inhou. Vuurslag kap baldadig met sy voorpote in die lug en runnik weer. Hermann ruik die water nou self. Hy wip van sy perd af en hardloop na die krip toe. 'n Oomblik kyk hy af in die water. Dit is net effens troebel. Langs hom laat sak die perd sy kop en sluk gulsig. Hermann kyk op na die draaiende windpomp. Die gesteun klink in sy ore. Hy sien die helder, dun stroompie wat uit 'n pyp in die krip gespuug word.

Hermann dam die stroompie water by, maak sy hande bak en begin gulsig drink. Dit voel asof die koel water 'n vuur in sy keel blus.

Na die eerste paar vinnige slukke begin Hermann sy gesig was. Die stof sit taai op sy gesig. Hy maak ook sy hare nat. Om hom blêr die skape mistroostig. Hulle bondel saam, asof



hulle instinktief bymekaar beskerming soek, asof hulle goed weet dat die nag vir hulle gevare inhou.

Ineens proes Vuurslag hier langs Hermann en spring vinnig weg. Die skape en bokke spat vervaard uitmekaar—'n mens hoor net kloutjies klap. Hermann lig hom vinnig op, maar 'n stem kraak reeds hier agter hom.

,,Toe, vreemdeling, op met jou hande!"

Hermann swaai vinnig om en sy regterhand blits af na sy rewolwersak langs sy sy. Maar hy is te laat. Hy kyk vas in die bek van 'n lang pistool. Ongeveer twintig tree agter hom staan 'n gestalte in die skemerlig. Die windjie roer aan haar hare wat tot op haar skouers hang.

Die meisie kom nader. Sy het ryklere aan: 'n kakiebloese en noupassende broek. Hermann plaas sy hande in sy sye en wil eers lag, maar die meisie bly ernstig. Sy kom tree vir tree nader. Die skemer sak nou vinnig toe.

,,Wie is jy?" kom dit weer bars. Hermann besluit intussen dat hierdie meisie met haar kort ryrok glad nie baie oud kan wees nie—sewentien op die allermeeste. Sy kom nog steeds nader, en Hermann voel ewe skielik nie lus om dadelik te antwoord nie. Hy hou die meisie stip dop en wonder onwillekeurig waar sy vandaan kom en wat sy hier maak. Moontlik pas sy die skape op. Maar hierlangs is dit gewoonlik die werk van klonkies.

Hermann sien dat die nooi blonde hare het. Hy verbeel hom dat dit 'n goue skynsel sal hê wanneer die son daarop val. In die grys skemering sien hy die fynbesneë gelaatstrekke, die vol lippe wat nou saamgepers is, en die lewendige blou oë wat eerder verbasing as bitsigheid verraai.

,,Jammer, juffrou, maar ek het nie geweet ek mag nie eens water drink nie. Ek is jammer as ek oortree het, maar ek en my ou perd het 'n lang, vermoeiende tog agter die rug."

Tot sy verbasing laat sy haar rewolwer effens sak. Sy lyk ineens verleë.

,,Natuurlik mag julle water drink. Ek het 'n oomblik gedink dat. . ."

,,Dat ek jou skape kom steel?" kom dit vinnig van

Hermann terwyl die meisie haar langloop-rewolwer in die leersakkie aan haar linkerheup terugsit.

Sy lag selfbewus en vertoon sodoende haar pragtige tande.

,,Nee. . . nee. Wie sal hierdie paar basters steel? Miskien net die jakkalse. Ek het onder die indruk verkeer dat jy iemand anders was."

Hermann lag.

,,Hoe bly is ek dat ek nie iemand anders is nie! Jy het my laat skrik. Jou stem was gebiedend genoeg om enigiemand te laat dink dat sy einde naby is!"

,,Dit spyt my. Toe jy omdraai, het ek besef dat dit nie hy is nie, maar toe kon ek nie sommer dadelik my rewolwer terugsit nie. Want as 'n mens skrik, skiet jy."

,,Hoe weet jy dat ek nie nou nog sal skiet nie?"

,,Ek kan dit aan jou gesig sien. Buitendien, ek kan darem my man staan!"

Hermann stryk sy hare met sy hand agteroor.

,,Dit lyk my jy is 'n vreemdeling, meneer. Of ken jy iemand hier rond?"

,,Nee, juffrou. Ek ken geen mens hierlangs nie. Ek kom van Upington af en die reis is Olifantshoek toe, eintlik Kuruman toe. Maar my plan is om op Olifantshoek te oornag."

Sy staan nou vlak langs Vuurslag, wat intussen weer begin nader staan het. Die meisie merk dadelik dat die perd effens kruppel is.

,,Jou perd lyk flou, meneer," laat sy hoor en beweeg tot teenaan die beswete dier. ,,En watter pronkdier!"

,,Ja, hy is pootuit. Ek moet hom laat beslaan. Ek wou juis by een van die boere hierlangs aangery het om hoefysters te koop. Vuurslag kan nie so tot by Olifantshoek uithou nie."

,,Foeitog," laat die meisie hoor en vryf die gespierde dier se nek. ,,Dit is 'n pragtige dier met 'n pragtige naam..."

Sy bly skielik stil en dit lyk asof sy 'n rukkie nadink. Dan swaai sy om en kyk Hermann vas in die oë.

,,Hier is geen boere naby nie, meneer. Die arme perd! So kan jy nie verder met hom ry nie."



Hermann frons.

,,Ek besef dit, ja. Hoe ver is die naaste plaas dan?"

Dit is vir die meisie duidelik dat hy nie kan verstaan wat sy dan hier in die veld soek as die naaste plaas so ver is nie. Hy wonder seker waar ek bly, dink sy. Sy staar in die verte en dink diep. Dit lyk asof sy in twyfel verkeer.

,,Die naaste plaas . . . is. . . is sowat vyf-en-twintig kilometer hiervandaan. Dan kan jy net so wel Olifantshoek toe ry. Maar die perd kan nie so ver uithou nie."

,,Moet jou nie ontstel nie, juffrou. Ek en Vuurslag sal dan maar hier by die krip oornag. . . as ons mag. Môre sal ek dan met hom tot in Olifantshoek stap. Maar. . . jy. . . is jy nie bang om so alleen te ry nie? Hier is seker nog heelwat luiperds, of hoe?"

Die meisie draai haar gesig weg. Sy stap reeds stadig terug na haar perd wat nog steeds agter die rots staan. Na sy vyf tree gevorder het, steek sy egter skielik weer vas.

,,Ekke. . . ek ry nie ver nie. Anderkant die eerste bult is ons huis. Geen vyf kilometer hiervandaan nie. . ."

Die frons op Hermann se voorhoof verdiep. Dit is nou duidelik dat die meisie hom nie graag na hul huis wil nooi nie. Hermann word ewe skielik sommer baie nuuskierig. Eers pluk sy haar rewolwer uit omdat sy dink dat hy iemand anders is. Daardie iemand anders moet ongetwyfeld 'n ongewenste persoon wees! Dan wil sy hom ook nie bra na haar huis toe nooi nie—iets wat enige boernooi normaalweg onmiddellik sou doen.

,,O, ek sien," kom dit afgemete van die sproetgesig, ,,dan het u seker nie hoefysters nie?"

Sy kyk na die berg se kant toe.

,,Verskoon my. . . ek. . . ek is tog so ongeskik. Ons hét hoefysters. Ek kan jou perd dadelik laat beslaan. Ek . . . ek is Leonie Bloem. Kom gerus saam."

Sy praat hakkelend en dit is duidelik dat sy nog steeds twyfel oor wat haar te doen staan.

,,Baie dankie," en Hermann kom vinnig nader. ,,Sodra my perd beslaan is, sal ek dadelik weer ry. My naam is Mouton,

Hermann Mouton. En ek is regtig jammer om so lastig te wees."

,,Daar is niks om oor jammer te wees nie. Dit is ek wat so onbedagsaam was."

Sy stap vinnig na haar perd toe. Hermann skud sy kop. Hy is oortuig daarvan dat sy hom met opset nie wou oornooi nie. Wie weet, dalk kon sy hom nie oornooi nie! Hy draai terug na die krip toe om nog 'n bietjie water te drink. Agter hom hoor hy opeens hoefslae. Toe hy omdraai, sien hy die meisie te perd nader kom.

,,Jy is seker self ook baie moeg, mnr. Mouton. Klim agter my op dat ons jou perd lei. Ek is baie lief vir diere en haat mense wat diere moor."

,,Dan is ek baie bly dat ek jou ontmoet het, juffrou. Vuurslag is my vriend en maat. As hy seerkry, kry ek seer. Maar ek sal hom maar self lei, juffrou. Ek is darem nog nie só pootuit nie."

,,Klim maar agter op, mnr. Mouton. Dit sal gouer gaan!"

,,Baie dankie dan," prewel Hermann en spring veerkragtig agter haar in die saal.

Hy is intens bewus van haar jeugdige, warm liggaam hier teenaan syne. Die geur van haar hare is in sy neusgate. Dit voel vir hom asof sy hart vinniger bons. Hy kan die dag dat hy laas so naby 'n meisie was, nie onthou nie. Skielik het hy nie plek vir sy hande nie.

Ewe onverwags sê die meisie:

,,Hou maar om my lyf vas!"

Hermann doen dit huiwerig. Oor twee jaar sal Hermann Mouton dertig wees, maar nou bloos hy en voel uiters ongemaklik.

Sy gee haar perd spore en hulle beweeg op 'n drafstap huis se kant toe.

Vuurslag kom agterna.

,,Ek veroorsaak nou net moeite, juffrou."

,,Hoegenaamd nie, mnr. Mouton."

Haar blonde hare kielie hom onder sy ken.

,,Noem my asseblief Hermann. Ek is nie gewoond daaraan



dat iemand my meneer noem nie. Dit is in elk geval 'n aaklige aanspreekvorm."

Sy kyk om na hom, en haar gladde wang skuur teen sy kaal bo-arm.

,,Nog iets waaroor ons eenders voel. Dan noem jy my maar Leonie, nè? Ek sal jou perd gou laat beslaan en jou dan die kortste pad oor die berge na Olifantshoek toe wys."

Sy sê dit vinnig, en dadelik vind Hermann haar woorde onnatuurlik. Sy is oorgretig om hom te beduie dat hy nie by hulle kan oornag nie. Hy frons weer.

,,Dit is baie gaaf van jou, Leonie. Ek sal Olifantshoek graag vanaand nog wil haal. Jy red my werklik uit 'n benarde posisie."

Hulle begin die bult klim. Kiewietjies vlug met 'n groot lawaai voor hulle uit. Daar van die woestyn se kant af begin die strandjut weer jammerlik kerm.

Skielik klap daar perdehoewe agter hulle. Die meisie swaai haar perd vinnig om. Sy kyk af na die krip waar die bokke en skape nou slegs vaal vlekke in die grouheid van die aand is. Die hoefslae klink luid in die aandstilte op. Hermann fynkam die wêreld in die vallei, maar kan niks gewaar nie. Behalwe die donker silhoeët van die steunende windpomp by die krip sien hy hier en daar 'n skaap of 'n bok.

Skielik sê die meisie deur saamgeperste lippe:

,,Hier is die skurk nou. . . Sal jy asseblief afklim?"

Hermann druk voor hom op die saal en slinger hom van die perd af. Hy was nog skaars op die grond, of die meisie gee die perd spore en die goed versorgde dier gly weer teen die klipperige steilte af. Dit is egter duidelik dat sy die perd inhou, dat sy nie te vinnig wil jaag nie. Hermann soek nog steeds in die leegte rond na die perderuiter wat so vinnig jaag. Eindelik sien hy die bewegende gestalte daar tussen die doringbome. Perd en ruiter vleg deur die bosse en bome en hulle pyl reg op die krip af.

Mouton voel onwillekeurig of sy pistool in sy leersak is, en stryk dan vinnig teen die helling af. Hy kan die hortende geblaas van daardie perd wat so woes voortjaag, nou duidelik